Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Vry om te aanbid

"Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!" (Psalm 95:6). Dit is die kern van die erediens, van ons lewe – dit laat ons blom.

Eksodus 12 (eintlik die hele Eksodus) vertel dat die kinders van die Here moes ontdek dat hulle eredienste nie blote rituele is nie, maar deel van hulle lewensverhaal is. Hulle persoonlike lewensverhaal is onherroeplik verander deur die verhaal dat God hulle uit genade bevry het (12:11-13, 17, 26; 13:14-16). Oor hulle lewe is daar geskryf: Die Here se eiendom! Wanneer ons eredienste, Christelike feesdae, nagmaal, doop, jeugaksie en basaar hou, is dit nie omdat dit 'n plig is nie, maar omdat ons bevry is! Ons doen dit nie omdat dit maar nou een maal so is dat dit 'n tradisie van ons Christelike ouerhuis of deel van ons kultuur is nie, maar omdat ons daartoe vrygemaak is. Ons 'storie' maak ons dankbaar en feesgierig! Ons storie het ons identiteit en bestemming onherroeplik verander. Ons is saam met 'n klomp ander mense deel van God se bevrydes. Ons is vrygemaak om te blom; om heel te wees; om 'n lewe van oorvloed te lei.

Wat 'n voorreg om vandag saam met jou tydens die erediens ons vryheid te vier.

Ons is bevry om te aanbid!

hallo HELDERBERG

Nagmaalkuiers

Ons vier hierdie Sondag nagmaal wat tradisioneel 'n saameet geleentheid vir gelowiges was. Daarom nooi ons jou vir 'n heerlike worsbroodjie na die diens in die Tent.

Sondag 21 Julie Nagmaal

God gee vreugde
Eksodus 12

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Lizette Louw
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Lizette Louw
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Helderberg Beradingsentrum berading@nghelder.co.za of 079 417 3963

op pad met... mekaar

Die e-nuusbrief word gewoonlik elke week op 'n Woensdag uitgestuur na almal wat 'n e-posadres het. Daarin is 'n opsomming van belangrike inligting en ook ons dagboek van datums om te onthou. As jy nie die e-nuusbrief kry nie en jy wil dit graag ontvang, stuur asseblief 'n e-pos na kommunikasie@nghelder.co.za en ons plaas jou op ons verspreidingslys.

Sondag 28 Julie

God gee vryheid
Eksodus 5:15

08:00 Meditatief	Hannes Theron
08:30 Klassiek (doop)	Danie Möller
10:00 Meditatief	Hannes Theron
10:00 Informeel	Danie O'Kennedy
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Fourie Rossouw
10:00 HB Village	Danie Möller
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek

Rou:
Marie Swanepoel is oorlede, ons dink aan haar kinders en familie.
Karel en Connie Botha se seun ons oorlede, ons dink aan hulle en die familie.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - h]5jPR6N

Dagboek:

Dinsdag 23 Julie
06:00 Kom bid saam

Woensdag 24 Julie
10:00 KuierTalent in die Tent

Donderdag 25 Julie
08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Sondag 28 Julie
Nuwe lidmaatkuier na die oggend-dienste in die Tent

Dinsdag 30 Julie
19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Sondag 11 Augustus
Belydenisaflegging
Klassieke Klanke om 15:00

Saterdag 17 Augustus
18:30 Kuier saam met 'n Thai-ete - Phuket Kinderprojek

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Kenny en Elbe Cilliers - Strand-Noord
Andrea Hendrikse - Robertson-Oos
Adriaan en Cristal Henning met hul seun Christiaan - Pretoria-Faerie Glen
Jaco en Ronel Kriel met hul kinders Anroux en Rhuan - Boksburg-Oos
André Oostuyzen - Springs-Noord
Thea van Zyl - Boesmanland

op pad met...die wêreld

'n Demper op ons vryheid

Ons is vrygemaak om God te aanbid en te dien, tekens van sy Koninkryk op te rig en sover ons gaan en waar ons ook al is 'n verskil te maak. Soms is daar dempers wat ons verhoed om voluit te gaan – één van daardie dempers is tans ons finansies. Na 4 maande staan ons met 'n kontantvloei tekort van R527 775-46. Natuurlik het ons 'n verantwoordelikheid om na ons uitgawes te kyk en dit doen die kerkraad verseker; terselfdertyd moet ons in alle opregtheid die vraag afvra: Is dit enigsins onrealisties om van 'n gemeente met 'n lidmaat tal van 4 942 belydende lidmate en 1 962 doop-lidmate te verwag om R692 640 deur dankoffer en bankkollektes te gee – R140.20 per maand per lidmaat? Dit is verseker nie onrealisties nie; veral nie in vergelyking met dit waarmee ons geseën word nie. Kom ons gee; ons is vry om te mag gee. Ons is mos die eN-Gee Kerk, omdat ons so baie ontvang.

Die enigste manier waarop ons as gemeente tans op ons uitgawes kan bespaar is om twee leraarsposte te verminder; ons het reeds besluit om nie die twee leraarsposte wat weens aftrede vakant gaan raak, te vul nie, maar dit gaan beslis 'n negatiewe effek op ons bedieningspraktyk hê. So, ons smeek by jou, ter wille van die liefde van Christus en ons roeping as Helderberg Gemeente: Kyk asseblief biddend na jou finansiële *commitment* en gee met 'n blymoedige hart dit wat die Here van jou vra.

Helderberg Beradingsentrum

10-jaar feesviering

Van 'n droom in 2009 tot 'n florerende sentrum in 2019…

In 2009 het die droom van 'n Berading-sentrum, waar mense kon aanklop vir hulp met hul probleme, sterker in mense se harte gegroei.

Opleiding:

Daar is in 2009 besluit om te begin met die beplanning om mense met 'n hart en oor vir ander, op te lei. Die eerste Basiese Kursus in Christelike Berading is in Januarie 2010 aangebied en sedertdien word daar elke twee jaar 'n kursus aangebied. Professionele persone word genader om te help met die kursus. Vanjaar se kursus is saamgestel en word aangebied deur dr Chris Malan en is baie leersaam.

Getuienis:

As dit nie was vir die dames van die beradingsentrum nie, sou ons as individue en gesin nie gegroei het nie. Hulle het deel geword van ons pad na herstel. Hulle omgee, raad en belangstelling het ons gehelp om sterker te wees. Ons as gesin wil baie dankie sê vir die Beradingsentrum en al hulle mense, julle help so baie mense uit liefde uit!

Beradingsdienste:

Die Beradingsentrum maak sedert 2009 gebruik van vrywillige pastorale hulpwerkers en ander professionele mense in die gemeenskap om hulp te bied aan mense in nood.

Ons gevallelading het gegroei van 'n gemiddelde 20 aanmeldings die eerste 5 jaar na 'n stewige 60+ aanmeldings sedert 2016.

Sedert 2017 het die Beradingsentrum ook die diens van 'n maatskaplike werker gekry om verantwoordelikheid te aanvaar vir daaglikse operasionele bestuur. Haar insette is baie waardevol en op hierdie manier word die Beradingsentrum op 'n professionele en etiese verantwoordelike vlak bestuur.

Die Beradingsentrum het ook in Oktober 2018 deel geraak van Helderberg Uitreik.

Ons kyk met groot dankbaarheid terug na Helderberg Gemeente wat ons al byna 10 jaar die geleentheid gegee het om ons passie vir die Here en mense in die gemeenskap uit te leef en ons sien uit na die toekoms van die Helderberg Beradingsentrum.

Aan Hom alle eer - wat 'n voorreg om in Sy voetspore te loop.

Gaan loer gerus op ons webtuiste vir meer oor ons, asook ons fondsinsamelingsinisiatiewe.

Projekleier: **Doreen Hofmeyr**
doreen@doreenh.com

Helderberg UITREIK

Belydenis van geloof

op pad met...God

Daar is vanjaar nog 2 geleenthede waar persone belydenis van hul geloof in Jesus Christus kan aflê.

Belydenisaflegging Sondae	Gespreksgeleentheid in Kapel op
11 Augustus	7 Augustus om 19:00
27 Oktober	23 Oktober om 19:00

Die registrasievorm kan op die gemeente se webblad afgelaai word en is ook beskikbaar by die kerkkantoor.

Navrae kan gerig word aan Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za of 021-850 6923.

Maatskaplike werk betrekking beskikbaar

Die Beradingsentrum van Helderberg Uitreik het 'n vakature vir 'n
geregistreerde deeltydse maatskaplike werker beskikbaar - 12 ure per week. Dit is 'n 1 jaar kontrakpos.
Aansoeke met volledige CV **voor 29 Julie** by Doreen Hofmeyr aan doreen@doreenh.com

Navrae: 082 899 9942
Indienstreding: **1 September 2019**

Kom jy saam?

Korttermyn-uitreik na vlugtelinge in Athene
3-18 Oktober 2019

Die Omonia-span sal 'n behoefte hê aan mense wat bereid sal wees om met die Engelse klasse en die kinderbediening te help. Die span se doel is egter altyd om gapings te vul en te dien soos op die gegewe tydstip nodig is. Die finale inskrywingsdatum is **22 Julie 2019**.

Indien jy belangstel of meer inligting oor die uitreik of die bediening wil hê, stuur asseblief 'n e-pos aan projekleier Pia Nänny by pia.nanny@gmail.com

Kuier, klets en knutsel saam met ander kreatiewes

Bring jou handwerk en kom kuier eerskomende Woensdag, 24 Julie, om 10:00 -12:00 saam met ons in die Tent.
'n Warm koppie tee en koffie wag op jou. Indien jy in die hekel van T-shirt yarn belangstel, bring 'n bol en hekelpen saam. Kontak: Magdel Janse van Rensburg 082 400 0903 of
Nellie de Klerk 072 348 6226

Liefde + lees verander kinders

‘n Aantal vrywilligers van die Uyvula Leesprojek het verlede jaar begin om vir sekere laerskoolkinders wat uit probleemhuise kom, op ‘n een-tot-een basis stories te lees.

Só het my verhouding met C (‘n seuntjie van nege) begin. Hy kom uit ‘n agtergrond van verslaafde ouers en is, nadat hy van hul weggeneem is, van een gesin na die ander gestuur – nêrens waar hy onvoorwaardelike liefde, aanvaarding, respek, vertroue en net die vreugde van kindwees kon ervaar nie.

Ek het C leer ken waar hy met gebalde vuiste en woede op sy gesiggie saam met my gekom het vir sy eerste storielees-sessie. Oor ‘n tydperk van minder as ‘n jaar het C verander van belhamel in die klas – wat altyd die verkeerde ding gedoen het – na ‘n gelukkige, vriendelike en gehoorsame seun wat dikwels soos ‘n “selfaangestelde prefek” die juffrou probeer help met orde in die klas.

Hierdie emosioneel getraumatiseerde kinders vra net ongeveer 20 minute per week vol liefde en storielees-pret. Liefde wat die kind laat besef –“ek is spesiaal; iemand gee om; iemand vertrou my; iemand is trots op my”, en dis genoeg om ‘n kind se lewe in ‘n ander koers te stuur!

Skakel asseblief vir Amanda de Villiers by 072 874 0147 as jy graag betrokke wil raak om met liefde en lees ‘n verskil in ‘n ontwrigte kind se lewe te maak.

Estelle Louw, ‘n Uyavula vrywilliger

HARMONY gee om en daar is ondersteuningsgroepe wat verstaan waardeur jy gaan. Hier vind jy weer hoop vir die lewe en vind jy boublokke wat sal help met die restorasie proses.
Wanneer: Donderdagaande om 17:30
Waar: Helderberg Gemeente
Kostes: R300 sluit in 13 weke program met werksboek en warm ete en baie omgee
Kontak: Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com of 072 189 9360

Kom geniet 'n feestelike
THAI EET-ERVARING

PHUKET KINDERPROJEK

Ten bate van
Phuket kinderprojek

Helderberg UITREIK

Kaartjies @ R120 pp by die kerkkantoor.
Navrae: Elsa Rinquest
phuketkinderprojek@gmail.com

Klassieke Klanke

Bied aan

Gratis Klassieke Kitaar Konsert

Sondag
11 Augustus

Helderberg Gemeente
@15:00

Donasies welkom

Vir meer inligting besoek:
Klassieke Klanke of

Helderberg UITREIK

FARMHOUSE

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*